

Gasvryheids- bediening

Koffie/tee
na die
erediens in
Kosmos. Jy is
genooi! Dankie
aan Elisma
Lotz en span.

BORG van die maand



Verskaffer van
ons gemeente se
spitbraai-ete op
Sondag, 25 Okt.
**Deon
Labuschagné**
021 852 1612
info@spitbraaiking.co.za

Gebedsonderwerpe

- Bid vir Lynette Jacobs en haar span se werk by Helderberg Hospitaal. Bid dat mense wat moedeloos voel daardeur bemoedig sal word.
- Helderberg Uitreik: Bid vir die Bybelverspreidingsprojek. Bid dat elke Bybel sal uitkom by die persoon wat dit nodig het.
- Almal wat geraak word deur die oorstromingsramp in Nepal: Bid vir die veiligheid van reddingspanne, vir die doeltreffende koördinering van hulp en vir almal wat geliefdes verloor het of nie weet of geliefdes nog leef nie.
- Die dowes en gehoorgestremdes in ons land wat dikwels baie geïsoleerd en uitgesluit voel. Bid vir almal wat betrokke is by die NG Kerk se Bediening aan die Dowes. Bid dat hulle deur hulle werk die liefde en sorg van God aan dowes en gehoorgestremdes sal kommunikeer.

Epos: hanneljiegiericke@gmail.com

SEP se deurkollektes

06 Sep: Gemeentebediening
13 Sep: Caritas
20 Sep: Nepal
27 Sep: Sinode: Hospitaalbearbeiding

Bybelstudie Stormhaven

Don, 17 Sep
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:


1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:




Snap here to pay



3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofferkoeverte kan ook
in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.



DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

6 September 2026

Oggenddiens 09:30

Baie welkom by vanoggend se erediens.

Ons het vanoggend 'n besige en besondere program in die erediens.

Truth2kids van Helderberg Uitreik gaan met ons deel waarmee hulle besig is en vanoggend word Reinach Sadie, André en Zelmari Sadie se seuntjie, gedoop.

Ons Skriflesing is uit Josua 4:1–9. Hier lees ons hoe die volk twaalf klippe opgerig het as 'n teken van herinnering. God het sy volk in die Beloofde Land ingelei, en hierdie twaalf klippe sou 'n blywende herinnering wees aan God se getrouheid. Mag ons vanoggend, te midde van alles wat ons saam beleef, onself oopstel en ontvanklik wees vir God se Woord en vir dit wat Hy vir ons wil sê.

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by <https://ngkerksomersetwes.co.za/>

Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks

16/09: 10:00 in Patmos

Aande: weekliks

09/09: 18:00 in Patmos

Gebedsgroep Woensdae

09 Sep om 09:00 in die
konferensiekamer.

Voorbidding

- Ina Rheeder, operasie.
- Doritha de Villiers, gordelroos.
- Willem Swanevelder, gordelroos.
- Petro le Roux, tuis na hospitaal.
- Marietha du Toit, geval en enkel gebreek.
- Meppie Lochner, geval.
- Corrie Swanepoel, herstel na hospitalisasie.
- Marcel Malan, ondersteunende versorging, Bridgewater.
- Willie vd Merwe, ondersteunende versorging.
- Francine v Zyl, behandeling.
- Jeanette Snyman, behandeling.
- Obie van Niekerk, behandeling.
- Dawie Rossouw, behandeling.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Volgende geleentheid: 11 September 2026

in die konferensiekamer * Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Beyond Projek - Pockets of Purpose

Vra graag gemeentelêde se ondersteuning vir die Augustus POP Projek!

Dit is daarop mik om geskenkpakkies van omgee en hoop bymekaar te maak vir vroue en meisies wat vir hulp aanklop na 'n verkragting of aanranding.

Augustus is Vrouemaand. 'n Tyd wat ons op vroue fokus en mekaar herinner aan die uitdagings van vrouwees, maar ook aan die besonderse krag van vroue wat moue oprol en saam hard werk aan sake wat vir hulle belangrik is. Die Beyond projek is nou in 'n nuwe seisoen waarin ons met die bril van menswaardigheid dieper wil kyk na mense wat om verskillende redes weerloos of broos is. BEYOND kyk dieper. En in Augustus maand dink ons veral dan ook aan vroue wat die slagoffers en survivors van geslagsgebaseerde geweld is. Ons wil julle graag nooi om ons te help om POP's pakkies te maak vir hierdie vroue wat kom hulp soek of die misdaad kom aanmeld. Hierdie geskenkpakkies word met liefde en deernis bymekaargesit.

Ons nooi jou om self, of met jou gesin of jou kleinkinders of met jou Bybelstudiegroep 'n POP pakkie te pak, of om asseblief items te skenk wat ons in die pakkies kan sit.

Wat kom binne 'n POP?

Higiëne produkte: Tandepasta en tandeborsel, seep of bodywash, roll-on, klein vaseline, sanitêre doekies en 'n nuwe broekie (opsioneel: kam, waslap, tissues, lyfroom).

Iets lekker: Minstens een van die volgende: sjokolade, pakkie koekies, boxie sap of melkie – iets wat die vrou dadelik kan eet of drink.

Sensoriese item: iets waaraan die vrou kan vashou of haar hande mee kan besig hou in hierdie tyd van trauma (bv. stresballetjie, klei, fidget spinner of bubbles).

BEYOND het 'n klein projekspan. As jy passievol is oor menswaardigheid en saam met ons wil dink, bid en beplan, kontak asb vir Aneleh. Of as jy eers net by die Vriende van Beyond WhatsApp groep wil aansluit, waar ons van tyd tot tyd inligting en gebede deel oor spesifieke projekte, asseblief laat hoor van jou.

Vir meer inligting of om by ons aan te sluit stuur asseblief 'n W/A na 083 292 5358 of 'n epos aan management@cabsa.org.za. POP's pakkies of produkte kan by die kerkkantoor afgegee word.

Kategese: 6 September 2026

Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

Voorskool: Na die kindermoment en doop in die kerk, verdaag die kinders na die ou moederskamer in die kerk, vir hul les.

Groei-goggas: Vyf vingers en die Bybel

Hoe doen ons Bybelstudie? Daar is vyf goed.

Soveel vingers soos wat jou een hand het – wat jy en pappa of mamma kan onthou terwyl julle Bybelstudie doen.

1. Ons bid tot God.
2. Pappa of mamma lees 'n kort stukkie uit die Bybel.
3. Ons dink en praat saam oor wat ons gehoor het.
4. Ons bid weer en dan gebeur die vyfde ding:
5. Ons gaan doen wat ons gehoor het.



Sondag doen ons Bybelstudie-onthou-oefeninge op ons handjie.

So, kom ons begin oefen: **Bid...Lees...Dink...Bid...Doen.** En nog 'n keer ...

Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: Na die kindermoment en doop in die kerk, verdaag die kinders na die kerksaal vir hulle eie diens.

Kinderkerk: God se Exstreme Makeover Bouplanne vir 'n rede

Bou is nie 'n "spontane, gaan aan soos jy wil" taak nie. Die bouplanne is vir 'n rede opgestel met mates van hoe hoog die nok van die dak moet wees en hoe wyd die deuropeninge is. Elkeen op die bouspan moet gereeld die bouplanne bestudeer om seker te maak dat die bouprojek volgens die regte afmetings en spesifikasies gebou word. Net so moet ons wat deelneem aan God se Exstreme Makeover van die wêreld gereeld God se bouplan besoek, naamlik die Bybel. So maak ons seker dat ons almal saam bou aan God se huis, die kerk volgens God se spesifikasies wat ons in die Bybel vind. Sondag praat ons oor hoe God se bouplan, die Bybel, gelees moet word. 2 Timoteus 3:16 "Die hele skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde..."



Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisanter kom elke Sondag na die erediens in die konferensiekamer, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

Kategete: Gideon Muller (083 236 9869) / Ds Willem Sauer (071 674 1675)

Helderberg Uitreik Jaarverslag

Helderberg Uitreik se Jaarverslag vir 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026 is beskikbaar. Dit is 'n **"lekker, moet-lees-verslag"** wat al die projekte se werksaamhede met hul hoogtepunte vir die jaar, mooi uiteensit. Ons het slegs beperkte gedrukte kopieë beskikbaar, maar die skakel na Helderberg Uitreik se Jaarverslag sal ook op ons gemeente se webblad beskikbaar wees. <https://media.malherbes.co/m/helderberg-uitreik-jaarverslag-20252026-20252026>


Onthou: Helderberg Uitreik is 'n vennootskap tussen Helderberg gemeente en ons gemeente. Dit is ook vir ons lekker om te laat weet dat Ds Melanie Smit, Helderberg Uitreik se bestuurder, op Donderdae van 09:00 – 13:00 in die konferensiekamer werksaam sal wees. Kom loer gerus in en maak gebruik van die geleentheid om enige vrae rakende Helderberg Uitreik se projekte, met Melanie te bespreek.

Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS

kom op Donderdag,
10 September om 09:50 by die
NG Omgeegemeente in Andries
Pretoriusstraat bymekaar.
Elzette Malherbe lewer 'n
insiggewende praatjie oor haar
werk met Zoeloe-kindere in
Masinga in KZN.
Helena Cromie doen ook 'n
voordrag vir ons.
Kom geniet gerus 'n lekker
koppie tee of koffie, verversings
en goeie geselskap vanaf 09:15.
Almal welkom.
Bywoningselede vir lede: R20
besoekers: R30
Naas du Preez (082 804 1729)
ndupreez022@telkomsa.net

BYBELVERSPREIDING

Helderberg Uitreik Bybelprojek het
'n behoefte aan tweedehandse Bybels
(Afrikaans & Engels, enige vertaling) wat in
'n goeie toestand is en ons neem dus die
vrymoedigheid om die gemeente te nader
om ons projek te ondersteun deur Bybels te
skenk wat dalk tuis in onbruik geraak het.
Ons versprei hierdie Bybels met groot vrug
in ander dele van die land waar
vrywilligers ons help om mense te bereik
wat 'n behoefte aan 'n Bybel het maar nie
finansieel in staat is om 'n Bybel aan te koop
nie. By voorbaat baie dankie! Bybels kan by
die kerkkantoor afgegee word.
Projekleier: Grazie Beets.
Navrae: Annemarié Hollenbach 0827848841



Helderberg Seniorklub

Lentebederf uit Stellenbosch: Die talentvolle Bell-
familie (Veronica, Lian, Nika, Kara en Christiaan)
en Emile Mostert gaan ons op 'n musikale reis van
liefde, herinneringe en drome neem.

Navrae: Apolonia Maritz by 021 853 7560 of 082 507 7091

Alle afgetredenes baie welkom

Dinsdag 1 September by Helderberg
Gemeente, Firmoutweg 82,
Somerset-Wes
09:00 - Tee en verversings en
09:30 - Samesang en program
Lede: R10.00 en besoekers: R20.00



www.truth2kids.org

"Ek en my huis, ons sal die Here dien...." So sing die kinders in ons Bybelklubs en op die kamp met groot entoesiasme. In ons weeklikse Bybelklubs in skole, kleuterskole en in die gemeenskap behandel ons hierdie kwartaal 'n lesreeks oor Joshua en Rigters, met kragtige verhare oor die oorwinning oor Jerigo en hoe God vir Gideon geleer het om Hom te vertrou om met 'n klein minderheid die Midianiete te verdryf. Ons bid dat elkeen van die meer as 1900 kinders wat ons tans bereik die boodskap van God se verlossing ook na hul huise sal neem, sodat daar in elke huis gesê kan word: *"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."* (Joshua 24:15b)

Ons is ook dankbaar dat die Mamma oggend van 20 Aug baie goed kon afloop met 42 persone wat dit bygewoon het. Die tema was: *"Ek en my huis sal die Here dien"* en ons kon praktiese toerusting gee oor hoe om die Evangelie op 'n kind se vlak te verduidelik, asook gesels oor huisgodsdienst idees, gebed en om kinders te begelei om hul huis op die Rots te bou met Jesus as die hoogste prioriteit in hul lewens. Van die Mammass het die volgende terugvoer na die oggend gegee: *"Dit was 'n baie oulike oggend met baie goeie praktiese raad en idees. Ek voel baie meer toegerus. Om 'n "how to guide" te ontvang is kosbare inligting wat baie help. Dit het my aan ons verantwoordelikheid herinner om God se Woord in my huis te verkondig en altyd die kinders te vertel van Jesus en hulle te leer om ander lief te hê. Dit maak my opgewonde oor ons pad met ons kinders en om hul meer van die Here te leer."* Alle eer aan die Here wat dit moontlik gemaak het.

Ons benodig ook tans meer vrywilligers wat kan help met die aanbidding van ons weeklikse Bybelklubs by skole, kleuterskole en in die gemeenskap. Ons deel die lesmateriaal en ander praktiese idees om te gebruik. Helpers spandeer dan omtrent 'n uur vir voorbereiding en 30 min tot 'n uur vir aanbidding op verskillende tye in die week deur betrokke te raak by een van die verskillende Bybelklubs. Jy is baie welkom om ook net te kom kyk.

Daar is gereeld opleidingsgeleenthede soos ons kwartaallike werksinkels waar toerusting gegee word oor hoe om die Evangelie op kinders se vlak te bring deur o.a Skrifgetroue Bybellesse, liedjies en ander kreatiewe idees. Ons is 'n heerlike span en JY is baie welkom om by ons aan te sluit.

Truth2kids bied ook 'n jaarlikse kamp aan vir kinders uit ons Bybelklubs, waar ons dan meer tyd kan spandeer met die fokus op dissipelmaking. Dit is vir die kinders 'n groot hoogtepunt, aangesien baie uit moeilike huislike omstandighede kom en min sulke geleenthede het.

Baie dankie vir elke gebreide mus wat deur gemeentelêde gebrei is wat ons kan ontvang. Baie dankie ook vir die jarelange ondersteuning van die gemeente en individue deur gebed, finansies en ander praktiese bydraes – ons het geweldig baie waardering daarvoor.

Kontak ons gerus as jy meer wil uitvind.

Projekleier: Sus van Niekerk 076 7464 581 susvann@gmail.com

Koördineerder: Minette Krog 083 655 0111 minette.krog@gmail.com

Bankbesonderhede: Helderberg Uitreik ABSA Somerset-Wes

Rek: 9114 483 080 Takkode: 632005 **Verwysing: Truth2Kids**